# Zuid-Afrikaanse Boer Republiek

**Onder die ZABR Jurale byeenkoms van die Gemenereghof van Justisie en die Jurisdiksie van Natuurlike Reg en die Reg van die Nasies**

---

**Hieronder die Uitspraak en vonnis oplegging gegee deur regter André van der Walt in die ZAR Volkshof – Pietersburg Noord Transvaal (in die huidige Limpopo)**

**saak nommer: 01/07/2021 van 25 Julie 2021**

Klaer: **Liebrecht van Jaarsveld** - aangestel as verteenwoordiger van die ZAR ge-emansipeerde ZAR Boervolk.

Beskuldigde 1: **Marius Roos**

Beskuldigde 2: **David Roy van der Berg**

Beskuldigde 3: **Jan Diederiks**

Klagte: Beskuldigde 1: **Marius Roos**

Klag 1 - Verraad

Klag 2 – Onbevoegd met uitvoer van pligte

Klagte: Beskuldigde 2: **David Roy van der Berg**

Klag 1 - Verraad

Klag 2 – Onbevoegd met uitvoer van pligte

Klagte: Beskuldigde 3: **Jan Diederiks**

Klag 1 - Verraad

Klag 2 – Onbevoegd met uitvoer van pligte

**<u>JURIE BEVINDINGE:</u>**

Beskuldigde 1: **Marius Roos**

Klag 1 – Verraad : **ONSKULDIG**

Klag 2 – Onbevoegd met uitvoer van pligte: **ONSKULDIG**

Beskuldigde 2: **David Roy van der Berg**

Klag 1 – Verraad: **SKULDIG**

Klag 2 – Onbevoegd met uitvoer van pligte: **SKULDIG**

Klagte: Beskuldigde 3: **Jan Diederiks**

Klag 1 – Verraad: **SKULDIG**

Klag 2 – Onbevoegd met uitvoer van pligte: **SKULDIG**

**<u>UITSPRAAK DEUR REGTER:</u>**

**Beskuldigde 1: Marius Roos**

"Beskuldigde 1, Marius Roos is onskuldig op al twee aanklagte teen hom. Ek moet Marius Roos komplimenteer met die manier en wyse wat hy sy bewyse en sy onskuld bewys het. Ons het n duidelike pad gesien hierso, van waar goed vandaan gekom het, waarna toe dit

oppad is, wat gebeur het en ons het gelukkig op n baie vroë stadium in die ZAR se wedergeboorte van na 120 jaar, agter gekom dat daar weereens insypeling is, verskuilde agendas en nie goeie bedoelinge nie. Marius Roos jy het ons gehelp om hierdie dinge te besef, jy het by die hof verrigting opgedaag en jy het jou saak gestel soos n man. Jy het jou onskuld bewys. Dan ook wil ek vir jou se dankie vir dit wat jy vir die Boervolk beteken het, nie net wat ek jou gesien doen het nie, maar in hierdie hof verrigting het ek ook dan nou gehoor en gesien die bewyse wat jy gelewer het en wat eintlik die storie is. Hiermee kan ons almal wat hier teenwoordig was, soos die Jurie eenparig besluit het, sien hoekom daar verdeeldheid in die Tribunaal is.

Marius Roos jy is onskuldig en word dan nou ook van hierdie hof ontslaan"

**Beskuldigde 2: David Roy van der Berg**

"Die Jurie het hom skuldig bevind aan verraad en skuldig aan onbevoegdheid.

Met in agneming van waar ons (ZAR Boervolk) staan op hierdie stadium van ons wedergeboorte, het ek dit goedgedink om die volgende vonnis op Beskuldigde 2 te plaas. Nie net word hy onthef van sy posisie nie, maar hy word lewenslank van die ZABR geskors. Sulke gedrag sal nie geduld word nie en soortgelyke handelinge in die toekoms sal baie strenger en harder gehanteer word. Hierdie is die fondasie van waar af ons kan werk en dit is baie eenvoudig; sulke mense kan ons nie bekostig om in ons geledere te akkommodeer nie.

Ook is ek dankbaar teenoor die breër Boervolk wat ons attent gemaak het op dit en dit uitgewys het."

**Beskuldigde 3: Jan Diedericks**

"Die Jurie het hom skuldig bevind aan verraad en ook onbevoegd. Ongelukkig besef ek dat David Roy van der Berg oom Jan verseker ingetrek het en meegesleur het in sy agendas, verskuilde agendas en planne, maar in terme van versagtende omstandighede oor oom Jan, het die hof besluit dat hy ten minste sy verskyning aan die hof kon gemaak het en sy standpunt gestel het. Maar ten spyte van dit het hy net soos David Roy van der Berg en hulle handteerders ("handlers"), n propaganda veldtog gesmee om hierdie hele hofverrigting toe te smeer en dan te belemmer. Daarom gaan ek hom nie die versagtende omstandighede oplê nie.

Die hof besluit om Jan Diederiks dan ook lewenslank te skors van die ZABR."

---

Hiermee word beskuldigde 1, Marius Roos ontslaan

Beskuldigde 2, Dave Roy van der Berg en Beskuldigde 3, Jan Diederiks word al twee skuldig bevind aan verraad, asook onbevoegd met uitvoer van hulle pligte verklaar en word van hulle pos onthef.

Beskuldigde 2, David Roy van der Berg en Beskuldigde 3, Jan Diederiks word gevonnis tot lewenslange verbanning uit die ZAR uit.

Hierdie uitspraak is dan ook finaal en hierdie uitspraak is ook nie onderhewig aan appel of hersiening nie.

Hierdie hof proses is n publieke dokument en is opgeneem en hiermee gee ek ook instruksie aan die Balju van die hof om hierdie vonnis uit te voer.

Daarmee verklaar ek ook hier dat die ZAR Volkshof is nou amptelik in sitting en van nou af is dit die eerste hof van instansie oor alle sake met betrekking tot die ZAR Nasionale.

Mulligan Ex Parte, bevestig dat sodra n Gemene Reg Hof in sitting is, dan moet miletêre, admirale, statutêre howe terugstaan want dit is nie meer in hulle jurisdiksie nie.

Ons is amptelik in sitting.

Die hof gee die Balju instruksie om hierdie vonnis dan ook net so uit te voer.

Die hof kan verdaag."

Op las

**Regter: AP van der Walt:**

**SEAL**